



# ecsponuus

## Trusts se dae getel

Beleggers sal binnekort dalk nie meer trusts kan gebruik om hul welvaart te beskerm nie. Dit is nou as die Davis-belastingkomitee se voorstelle oor belasting van trusts aanvaar word.

Die komitee het in sy voorlopige verslag oor welvaartbelasting aanbeveel dat alle inkomste en kapitaalwinst van trusts teen 'n vaste koers van 41% belas word! Tans is die insluitingskoers van trusts 66,6% en die effektiewe koers 26,67%.

In die verlede was die belastingkoers van individue heelwat hoër as die belasting van trusts. Dit het sin gemaak om inkomstebates na trusts oor te dra om belasting te bespaar en om beter boedelbelastingbeplanning te doen.

Die komitee wil nou 'n stokkie daarvoor steek. Hulle weet beleggers gaan trusts minder gereedelik gebruik as dit nie inkomstebelastingvoordele bied nie. Dit sal beteken dat die staat meer boedelbelasting, wat tans net 0,1% van totale invorderings uitmaak, sal kan invorder.

Baie beleggers wat van trusts gebruik maak, kan dus binnekort met duur belastingstrukture sit wat nie meer sin maak nie. Dit hou verreikende implikasies in en verhoë word verwag om uitstel te kry op die toepassingsdatum van 1 Maart 2016.

Die voorstelle van die Davis-komitee om belasting op toegevoegde waarde (BTW) te verhoog, word nie deur belastingkenners as

onredelik beskou nie, aangesien verskeie lande – veral in Afrika – se koerse heelwat hoër is.

Die neiging wêreldwyd is om belasting al meer deur onregstreekse belasting soos BTW in te samel, pleks daarvan om maatskappy- of individuele belasting te verhoog. 'n Verhoging van 14% tot 17% in BTW sal 'n bykomende inkomste van R45 miljard vir die staat beteken.

As die BTW – wat tans 27% van die belastinginkomste bydra – nie verhoog word nie, sal persoonlike inkomstebelasting met 6,1% en maatskappybelasting met 5,2% verhoog moet word om dieselfde R45 miljard te genereer.

Insiggewend is dat die Davis komitee nie hoër koerse op luukse goedere voorstel nie. Dit sal te veel administrasie en kompleksiteit meebring. Die nul-koers sal egter bly op produkte soos mieliemeel wat belangrik in arm huishoudings is.

Die verhoging in belasting is eintlik 'n klein prys om te betaal vergeleke met die alternatief – om as land afgegradeer te word tot rommelstatus (Moody's-graderingsagentskap het reeds verlede jaar Suid-Afrika se kredietgradering tot Baa2 die tweede laagste beleggingsgraad aangepas) met 'n rand wat bly verswak en stygende inflasie en rentekoerse.

Ons beleef voorwaar uitdagende tye – ook aan die belastingfront!

## Moet jy diversifiseer?

Die verspreiding van beleggings tussen en binne die verskillende bateklasse word dikwels voorgehou as die sleutel tot beleggingsukses.

Die doel is om 'n portefeulje saam te stel wat uit verskillende beleggings bestaan wat die risiko van die totale portefeulje verminder.

Wat dit beteken, is om nie al jou eiers in een mandjie te plaas nie – want val die mandjie, breek al die eiers! Met eiers in verskillende mandjies verminder jou risiko.

Dis genoem "diversifisering" en word trouens as die belangrikste konsep in beleggingsbestuur bestempel.

Tog is dit 'n tweesnijdende swaard, omdat diversifisering dikwels in bulmarkte (opswaai in die mark) gebruik word, as beleggers dit eintlik nie nodig het nie en dit dan eerder lei tot 'n toename in koste sonder enige voordeel.

Diversifisering werk beter in beermarkte (afswaai in aandelemarkte), maar as die markte heeltemal ineenstort, word historiese korrelasies afgebreek en verloor beleggers op sowel die groei- as beskermingsgedeelte van hul portefeuljes.

Dink maar terug aan 2008-2009 toe aandelebeurse wêreldwyd ineengestort en diversifisering bitter min voordeel vir beleggers ingehou het.

Dié mislukte diversifisering is toegeskryf aan beleggers wat nie ten volle gediversifiseer was nie. Baie het gedink die insluiting van enkele effekte of geldmarkbeleggings by hul aandele sou hulle beskerm. Beleggers kon baie meer aggressief diversifiseer en die risiko tussen en in die onderskeie bateklasse soos kontant, effekte, aandele en eiendom versprei.

Oormatige diversifisering in aandele veroorsaak egter dat individuele beleggings nie veel impak op die portefeulje kan hê nie en dan meer soos 'n indeksfonds reageer. Dit is 'n baie duur roete, want elke individuele belegging het koste.

Die moontlikheid is groot dat die wêreld ekonomie binnekort weer 'n beeffase – as aandelebeurse met minstens 20% val – kan betree of 'n totale ineenstorting beleef soos in 2008-2009.

Die wêreld ekonomie staan op drie bene nl. die VSA, Europa en China. Twee daarvan wankel: Europa met die Griekse verwickelinge (moontlikheid dat Griekeland die eurogebied sal verlaat) en China – die Hangseng Indeks van Chinese ondernemings het reeds met 20% geval en is amptelik in 'n beeffase.

Verskeie faktore dra by tot 'n beermark, soos swak ekonomiese groei, negatiewe internasionale verwickelinge, sentiment wat verswak en stygende rentekoerse. Dit is veral hoër rentekoerse wat 'n negatiewe impak op aandeelpryse sal hê, omdat die koste van kapitaal vir maatskappye sal toeneem.



Versprei jou beleggings

In Suid-Afrika is die repokoers verlede maand met 0,25% tot 6% verhoog, wat die primakoers tot 9,50% opgestoot het. Na verwagting sal die repokoers binne die volgende jaar geleidelik met 'n volle persentasiepunt deur die Reserwebank verhoog word.

Die Amerikaanse Reserwebank (Fed) sal na verwagting in September en Desember vanjaar rentekoerse vir die eerste keer in byna 'n dekade verhoog. Kapitaal sal dan van ontluikende lande soos SA na die VSA vloei omdat die VSA beter sekuriteit bied. Om kapitaal in SA te behou, moet die Reserwebank die plaaslike koerse opstoot.

Die verbruikersprysindeks (inflasie) het in Junie tot 4,7% gestyg en sal na verwagting 'n hoogtepunt van 7,2% in die eerste

kwartaal van volgende jaar bereik – wat hoër as die 3-6% teikenband van die Reserwebank is. Dit is ook moontlik dat die BTW van 14% tot selfs 17% verhoog kan word, wat inflasie sal verhoog. Inflasie sal net verlaag/beheer kan word deur die rentekoerse te verhoog.

Die verswakking van die rand veroorsaak groot ontwrigting vir invoerders en dit verhoog ook inflasie. Voeg by die feit dat sakevertroue die laagste in sestien jaar is en dat die groeiverwagtinge in die ekonomie vanjaar 'n skrale 2% sal wees, en mens kan sien dat die rand sal bly verswak. Die maklikste manier om die verswakking van die rand te beheer, is om rentekoerse te verhoog.

Die vraag is: hoe kan beleggers die verwagte beermark of totale ineenstorting trotseer?

In die onsekere ekonomiese tye bied voorkeuraandele 'n "marge van veiligheid" omdat 'n vaste opbrengskoers bestaan wat nie deur die wispelturigheid van die markte beïnvloed word nie.

Diversifisering bied die volgende opsies:

### 1. Diversifiseer na aandele as bateklas

Aandele het die afgelope dekades beter presteer as al die ander bateklasse en hoe langer belê is, hoe groter was die opbrengs.

### 2. Diversifiseer binne aandele as bateklas

- 'n Aandeleportefeulje kan verskans word deur voorkeuraandele by die portefeulje in te sluit om die wisselvalligheid of risiko van die totale portefeulje te verminder.

- Die verskuiwing na voorkeuraandele kan ook deel van 'n beskermingstrategie wees, veral as dit duidelik is dat regstreekse aandele riskant begin word.

Voorkeuraandele verg ook minder aandag of bestuurstyd as 'n direkte aandeleportefeulje wat voortdurend aangepas moet word... dus minder kommer en meer gemoedsrus daarmee.

In onsekere ekonomiese tye soos dreigende beermarkte bied alternatiewe beleggings en spesifiek voorkeuraandele goeie oplossings en waarde vir beleggers.

- Ecsponent bied vaste koerse op Klas A (maandelikse inkomste) en Klas B (kapitaalgroei) ongeag wat op die aandelemark of met die koerse gebeur. Klas B bied 'n vaste koers van 11,2% per jaar en 14% per jaar as vir 'n tydperk van vyf jaar belê word. Ná vyf jaar verdien die belegger dus 'n netto opbrengs (geen koste word verhaal nie) van 70% op Klas B. 